# GEDRAGSKODE

Aangesien die Beheerliggaam ingevolge Artikel 20(1)(d) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, verplig word om ‘n gedragskode vir leerders te aanvaar,
en aangesien die Beheerliggaam, ouers, onderwysers en leerders van Laerskool Elarduspark verbind is tot:

- Christelike waardes
- voortreflike onderrig
- toegewyde studie
- effektiewe bestuur
- verantwoordelike dissipline

en aangesien die Beheerliggaam, ouers, onderwysers en leerders van Laerskool Elarduspark begerig is om ‘n gelukkige omgewing te skep waarin bogemelde doelstellings in ‘n kultuur van versoening, verdraagsaamheid, vrede en orde kan geskied.

Die Beheerliggaam bepaal derhalwe soos volg:

## 1. BEHERENDE GESAG

- Ingevolge Artikel 8(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996, berus die gesag om dissipline in die skool te handhaaf by die Beheerliggaam.
- Geen leerder word uitgesluit van die toepassing van hierdie gedragskode nie.
- Elke onderwyser beskik oor dieselfde regte as ‘n ouer met betrekking tot beheer en dissipline van ‘n leerder ooreenkomstig hierdie gedragskode wanneer enige leerder die skool bywoon of enige byeenkoms, funksie of uitstappie of ander skoolverwante aktiwiteit bywoon of daaraan deelneem.
- Die hoof of enige onderwyser is bevoeg om enige eiendom in besit van enige leerder te deursoek vir enige gevaarlike wapen, vuurwapen, dwelmmiddel of ander gevaarlike middel, gesteelde eiendom of pornografiese materiaal, indien die hoof of onderwyser op redelike gronde vermoed dat so ‘n leerder in besit van enige voormelde item is.

## 2. SKOOLREËLS

- Elke leerder is gebonde aan die skoolreëls vervat in die huiswerkboek soos van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam gewysig of aangevul word.

## 3. KORREKTIEWE MAATREËLS

- Die volgende korrektiewe maatreëls sal toegepas word in die geval van ‘n oortreding van hierdie gedragskode deur enige leerder:

- o Oortredings - inskrywings
- o Detensie
- o Rapport
- o Dissiplinêre verhore
- o Uitsetting
- o Ernstige misdrywe

**3.1 Inskrywings**

- Enige onderwyser mag enige van die volgende inskrywings teen die naam van enige leerder aanbring:
- 1 punt
- 2 punte
- 15 punte
- Wanneer 'n leerder vyftien dissiplinêre punte teen sy/haar naam het, is hy of sy onderhewig aan detensie.
- Inskrywings word in 'n sentrale strafregister (d6) aangeteken.
- Die leerder se ouer of voog moet kennis neem van elke sodanige inskrywing en sy / haar handtekening in die huiswerkboek aanbring.
- Indien 'n leerder of sy/haar ouer of voog verontreg voel deur die aantekening van 'n inskrywing, kan appèl daarteen binne sewe dae na aantekening by die personeellid belas met dissipline aangeteken word wat beide partye sal aanhoor en die geskil sal beslis.
- Enige briewe deur ouers onderteken gaan na die hulpgraad hoof van die spesifieke graad.

**3.2 Detensie**

- Wanneer 'n leerder 15 dissiplinêre punte teen sy/haar naam het, is hy/sy onderworpe aan detensie.
- Detensie vind op Vrydae vanaf 13:30 – 15:30 plaas.
- Wanneer 'n leerder aan detensie onderhewig is, moet sy/haar ouer of voog skriftelik verwittig word van:
    - o die rede vir die detensie, en
    - o die tyd en plek waar detensie uitgedien moet word
    - o Indien 'n leerder of sy/haar ouer verontreg voel deur die oplegging van detensie, kan appèl aangeteken word binne 7 dae na voormelde kennisgewing by die Dissiplinehoof wat beide partye sal aanhoor en die geskil sal beslis.
    - o Versuim om detensie by te woon sonder 'n verskoning wat deur die

Adjunkhoof, dissipline aanvaar word, is strafbaar met twee tydperke van detensie.

- o Detensie gaan voort tot die laaste Vrydag voor die skool sluit.

### 3.3 Rapport en dissiplinêre gesprek

- Na drie detensies vind in 'n formele gesprek met die ouers deur die graadhoof plaas. Dit kan telefonies of persoonlik geskied. Dit word dan op D6 aangeteken.
- Wanneer 'n leerder 5 detensies ontvang het teen sy/haar naam, word hy/sy op rapport geplaas. Leerders se name gaan na Me van der Walt en Mnr du Plessis.
- Die leerder se gedrag word noukeurig deur sy/haar onderwyser(s), die
- Departementshoof Opvoedkundige Leiding en sy/haar ouers gemonitor en elkeen onderteken elke dag die rapportregister.
- Die tydperk van rapport beloop 7 of meer skooldae.
- Tydens hierdie tydperk poog die skool om saam met die ouerhuis gedrags-veranderinge by die leerder te weeg te bring. Goeie kontrole oor die leerder se werk, gedrag en andere word deur middel van 'n daaglikse verslag met die ouerhuis gekommunikeer.
- Na Rapport volg 'n dissiplinêre verhoor indien die leerder se gedrag nie verbeter het tydens die 7 of meer skooldae nie. Na 'n 6 de en daaropvolgende detensie ná Rapport volg 'n Dissiplinêre verhoor.

### 3.4 Dissiplinêre verhore

3.4.1 Vir ernstige oortredinge word 'n dissiplinêre verhoor gehou en word die prosedures gevolg soos vervat in die Suid-Afrikaanse Skolewet.

3.4.2 Dit geld ook wanneer leerders die skool op enige uitstappie, toer of kamp verteenwoordig en die skool se beeld enigsins op watter wyse ook benadeel.

- Benewens voormelde kan die volgende optrede deur 'n leerder aanleiding gee tot sy/haar skorsing:
- Enige optrede wat die veiligheid van ander in gevaar stel of inbreuk maak op die regte van ander.
- Besit van, dreigement met of gebruik van 'n gevaarlike wapen.
- Besit, gebruik of verhandeling van dwelmmiddels, ongemagtigde medisyne, alkohol of enige ander gevaarlike middel of sigbare tekens daarvan.
- Aanranding.
- Onsedelike optrede.
  - o Hom/of haarself valslik identifiseer.

  - o Skadelike graffiti op eiendomme asook liggaam, haatspraak, seksisme of rassisme.
  - o Diefstal of besit van gesteelde goedere, insluitend toets- of eksamenvraestelle voor die aflegging van sodanige toets of eksamen.
  - o Onwettige optrede, vandalisme of die vernietiging of beskadiging van eiendom.
  - o Disrespek, aanstootlike gedrag of onaanvaarbare taalgebruik teenoor onderwysers, volwassenes, skoolwerknemers of leerders van ander skole.
  - o Besoek en verspreiding van onwelvoeglike webtuistes.
  - o Herhaalde oortredings van die skoolreëls of die gedragskode.
  - o Viktimisasie, afknouery of intimidasie van ander leerders.
  - o Oortreding van eksamenreëls.
  - o Enige vorm van bedrieglike optrede.
  - o Enige ander optrede wat na die oordeel van die Beheerliggaam die regte van die skool, die Beheerliggaam, 'n leerder of onderwyser op 'n ernstige wyse aantas.
  - o Kuberboelie
  - o Eerkrenking
  - o Indien 'n leerder die beeld van die skool enigsins skade berokken of benadeel.
- Die dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam kan na aanhoor van die leerder en sy ouer of voog 'n leerder wat skuldig bevind is aan enige van die optredes in sub-paragrawe (3.4.1) en (3.4.2) hierbo vermeld, skors:
- vir 'n tydperk van hoogstens een (1) week; óf
- vir 'n tydperk van hoogstens een (1) week, hangende 'n besluit van die hoof
- oor die vraag of so 'n leerder uit die skool gesit sal word, aldan nie.

- Voor so 'n verhoor, moet die leerder en sy ouer of voog:
  - o minstens vyf dae voor die verhoor skriftelik ingelig word van die klagte(s) teen hom/haar en sodanige kennisgewing moet die datum, tyd en plek van die verhoor aandui, behalwe as daar daadwerklik opgetree moet word;
  - o sodanige besonderhede met betrekking tot die klagte as wat hy/sy versoek of andersins regtens op geregtig is, verskaf.
  - o die geleentheid gebied word om sy/haar weergawe te stel en relevante feite voor te lê;
  - o die reg hê om bygestaan te word deur 'n regsverteenwoordiger, ouer, voog of onderwyser;
  - o die reg hê om deur onpartydige persone verhoor te word;
  - o die reg hê om met waardigheid behandel te word ten tye van die dissiplinêre proses;
  - o die reg hê om skriftelik in kennis gestel te word van die beslissing van die komitee.

- Indien die leerder of sy/haar ouer of voog verontreg voel deur die beslissing van die dissiplinêre komitee of die Beheerliggaam, kan die leerder of sy/haar ouer(s) binne sewe dae na die bekendmaking van sodanige beslissing appèl aanteken by die Beheerliggaam of die lid van die Uitvoerende Raad, belas met onderwys- aangeleenthede van die Gautengse Wetgewer.
- Die Beheerliggaam moet rekord hou van alle dissiplinêre verrigtinge en:
  - o kan die skoolhoof in kennis stel van sy besluit om 'n leerder te skors, óf
  - o moet die skoolhoof binne vier-en-twintig uur skriftelik in kennis stel van enige aanbeveling om 'n leerder uit die skool te sit.

**3.5 Uitsetting**

- Indien die Beheerliggaam besluit het om 'n leerder te skors hangende die besluit deur die skoolhoof met betrekking tot sy/haar uitsetting, besluit die Skoolhoof binne sewe dae of die leerder uit die skool gesit word, al dan nie.
- Indien 'n leerder of sy/haar ouer(s) verontreg voel deur 'n besluit van die skoolhoof om sodanige leerling uit die skool te sit, kan sodanige leerder of sy/haar ouer(s) binne sewe dae daarna appèl aanteken by die lid van die Uitvoerende Raad, belas met onderwys van die Gautengse Wetgewer.
- In geval van uitsetting bepaal die skoolhoof so spoedig moontlik daarna 'n geskikte instelling waar sodanige leerder se verpligte skoolloopbaan voortgesit sal word.

**3.6 Ernstige misdrywe**

- Enige optrede wat 'n misdryf uitmaak beregbaar ingevolge die Strafproseswet, 51 van 1977, moet deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens ondersoek word en hanteer word ingevolge die bepalings van die Strafproseswet.

**3.7 Spesifieke sanksies**

3.7.1 Graad 7: Leerders wat 4 en meer detensies gesit het (sit), het, word die voorreg ontneem om die graad 7 – uitstappie by te woon en ook die sokkie - Leierskap word ontneem na 3 detensies. Graad 7 leerders wat 3 detensie gesit het word die voorreg ontneem om aan die kloklui-seremonie deel te neem.

3.7.2 Graad 6: Leerders wat 3 en meer detensies gesit het, word die voorreg ontneem om die graad 6 – kamp by te woon en kan nie in aanmerking kom vir die leierverkiesing nie en mag nie stem nie.

3.7.3 Graad 5: Leerders wat 3 of meer detensies gesit het word die voorreg ontneem om as snoepie-, media- of skolierpatrollie-leier verkies te word. Leerders wat 3 of meer detensies gesit het kan nie op Gr. 5 uitstappies gaan nie en nie deelneem aan die verkiesing van leiers nie. Enige leerder wat 10 dae deurlopend afwesig was sonder 'n geldige verskoning word die voorreg ontneem om snoepie-, media of skolierpatrollie leier te wees in die daaropvolgende jaar.

Leerders wat in die oggende laat kom of swak gedrag toon tydens vierkantopening, word deur die registeronderwyser op d6 gestraf.
Aanhangsel A (aangeheg)

**SKOOLREËLS**
Ter bevordering van dissipline en ter wille van die veiligheid van leerders, het die Beheerliggaam die volgende skoolreëls goedgekeur.

# GEDRAGSKODE - PERSOONLIKE VERSORGING

## 1. DOGTERS

### 1.1 Juwele

a. Slegs die volgende juwele word toegelaat:

b. Oorbelle: Die skool se oorbelle. Klein ronde, goue of silwer oorbelletjies/oorkrabbetjies,"knoppies" of klein ringetjies. Slegs een oorbel per oor. Geen diamante, enige kleur steentjies, pêrel of hang oorbelle nie.

c. Seëlringe: LW: Klein goue of silwer seëlringe. Geen geloofsbandjies word toegelaat nie, ook nie enige ander gekleurde bandjies nie. Slegs "Crisis-on-Call" en "Medic Alert" bandjies word toegelaat.

### 1.2 Hare

a. Kort hare: Indien kuif lank is, mag dit nie in die oë hang nie, ook nie los stukke langs die ore nie - steek weg met knippies in die skool se kleur of bruin/swart knippies.

b. Lang hare: Moet netjies vasgemaak of gevleg wees. Een poniestert agter die kop of twee poniesterte, geen skewe/skuins ponies of modegiere. As die hare aan die rok se kraag raak, moet dit vasgemaak word. Haarlinte, knippies, rekkies en haarbande moet wit, geel of koningsblou wees. Moet by die skool se kleure pas. Geen ander kleure word toegelaat nie.

c. Geen groot haarknippe wat gebruik word om hare op te lig. Haarstrikke se "stert" mag nie langer as 10cm wees nie en geen blink/groot haarstrikke word toegelaat nie. Indien die leerder twee poniesterte het moet die rekkies of linte dieselfde kleur wees.

d. Hare mag nie gekleur word nie - dit sluit ook sonstrepe ("highlights")in. Daar word ook nie enige haarpommades ("mousse" en "gel") toegelaat nie. As 'n leerder se hare gekleur is, sal die leerder detensie sit.

e. Geen permanente haargolwing word toegelaat nie.

f. Geen haarverlengings by leerders nie.

g. Hare moet so vasgemaak word dat dit nie in die leerder se gesig hang nie.

### 1.3 Naels

Naels moet kort, skoon en netjies wees – geen naellak, vals naels en/of naelgel word toegelaat nie.

### 1.4 Grimering

Geen grimering word toegelaat nie. Geen "lipglose" word toegelaat nie. Dit sluit permanente grimering in. Geen kleur van ooghare of wimpers nie.

### 1.5 Balkies

Slegs die volgende balkies mag by skoolklere gedra word: Snoepie-, Skolierpatrolie-, Media-, Klas-, en skoolleiers. Geen ander balkies soos Wetenskap Ekspo balkies of sportknopies word toegelaat nie.

## 2. SEUNS

### 2.1 Hare

a. Hare moet kort en netjies wees.
b. Dit mag nie oor die ore hang nie en die kuif mag nie in die oë hang nie.
c. Geen "step" haarstyl of enige modeneigings word toegelaat nie.
d. Geen vorm van haarverkleuring word toegelaat nie, dit sluit ook sonstrepe ("highlights") in. Indien 'n seun sy hare kleur, sal hy detensie sit.
e. Daar sal ook nie toegelaat word dat seuns haarpommades ("mousse"en "gel") gebruik om die nat-voorkoms-haarstyl te skep.
f. Geen permanente golwing word toegelaat nie.
g. Geen "Comb over" word toegelaat nie.
h. Geen moderne haarstyle nie.

### 2.2 Oorbelle en kettinkies

Geen oorbelle en kettinkies word tydens en na skoolure saam met skooldrag toegelaat nie. Dit mag ook nie tydens sportbeoefening of deelname aan sport gedra word nie. Geen geloofsbandjies word toegelaat nie, ook nie enige gekleurde bandjies nie. Slegs "Crisis on Call" en "Medic Alert" armbande word toegelaat. Ook van toepassing op vergunning van gewone klere.

### 2.3 Naels

Die seuns se naels moet netjies versorg word.

### 2.4 Balkies

Slegs die volgende balkies mag by skoolklere gedra word: Snoepie-, Skolierpatrolie-, Media-, Klas-, en skoolleiers. Geen ander balkies soos Wetenskap Ekspo balkies of sportknopies word toegelaat nie.

## 3. TASSE

a. Geen seiltasse sonder afskortings word toegelaat nie.
b. Tasse mag onder geen omstandighede van trappe, verdiepings of op enige manier gegooi of gesleep word nie.
c. Tasse moet in een hand of oor albei skouers op die rug gedra word en mag nie oor een skouer geslinger word nie.
d. Tasse moet altyd skoon en netjies wees.
e. Geen plakkers, uitgesonderd naamplakkers, word op tasse toegelaat nie.
f. Daar mag nie op die tasse gekrap of geteken word nie.
g. Tasse moet word by die registerklas gelos waar leerders hul possakke uithaal volgends die rooster

## 4. SPEELTERREIN

a. Leerders moet op hulle afgebakende speelterreine speel.
b. Geen leerder mag in klaslokale of op die stoepe speel nie.
c. Nadat pouse verby is, mag geen leerder nog water drink, hande was of die kleedkamer besoek nie.
d. Geen gevaarlike speletjies mag gespeel word nie.
e. Groter leerders mag nie inmeng met kleiner leerders nie.
f. Leerders moet onmiddellik reageer as die klok lui.
g. Geen balspele naby skoolgeboue word toegelaat nie.
h. Geen rolskaatse/skaatsplanke op stoepe of terrein nie.
i. Geen leerder word sonder toestemming tussen onderwysers se voertuie toegelaat nie.
j. Die Naskoolsentrum se speelterrein is nie deel van die skool se speelgrond nie. Leerders mag nie tydens pouses daar speel nie.
k. Geen sport op skoolterrein op Sondae.

## 5. SAAL / VEELDOEL LOKAAL

a. Geen leerder mag ongekontroleerd in die saal/veeldoel lokaal toegelaat word nie.
b. Geen verversings mag in die saal/veeldoel lokaal ingeneem word nie.
c. Die saal se badkamers mag nie deur die leerders gebruik word nie.

## 6. ELEKTRIESE APPARAAT EN VERDEELBORDE

a. Geen leerder mag met enige elektriese apparaat, skakelaars, verdeelborde of kabels peuter nie.

## 7. BEWEGING VAN LEERDERS

a. Leerders moet aan die linkerkant van gange, stoepe en trappe stap.
b. Gedurende klastye mag leerders slegs met 'n toestemmingbrief vanaf 'n onderwyser rondbeweeg.
c. Geen leerder mag op enige ander plek, behalwe deur 'n hek die skoolterrein betree of verlaat nie.
d. Leerders moet flink en vinnig beweeg
e. Leerders mag nie op die stoepe of vierkant hardloop nie.

## 8. GEDRAG

a. Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie. Geen kougom mag op die skoolterrein gekou word nie.
b. Geen TV- of ander rekenaarspeletjies word toegelaat nie (insluitend die rekenaar babas)
c. Geen vuiltaal word toegelaat nie.
d. Absolute gehoorsaamheid aan onderwysers en leiers word vereis.
e. Absolute stiptelikheid ten opsigte van skooltye word vereis.
f. Geen leerder mag die terrein gedurende skoolure, sonder skriftelike toestemming van die voogonderwyser of kantoor verlaat nie. Indien 'n ouer 'n leerder vroeër kom afhaal, moet die uittekenboek in die ontvangsarea voltooi word.
g. Geen wanordelike gedrag tydens skoolure of daarna, sal op of om die terrein toegelaat word nie.
h. Indien leerder 3 keer as laat aangeteken word in die vierkant, sal hy/sy 'n inskrywing ontvang.

## 9. SKOLIERPATROLLIE

a. Dit is die leerder se eie verantwoordelikheid om die skolierpatrollie te alle tye te gehoorsaam. Die gebruik van hierdie diens geskied op eie risiko.

## 10. KLEEDKAMERS

a. Slegs een leerder mag op 'n slag in 'n toilet wees.
b. Geen spelery of kattekwaad/vandalisme word in die kleedkamers toegelaat nie.
c. Privaatheid moet gerespekteer word.

## 11. ALGEMEEN

a. Die skool se eiendom moet gerespekteer word.
b. Geen vandalisme word toegelaat nie.
c. Die herstelkoste van enige skade wat deur 'n leerder aan die gebou of ander eiendom van die skool veroorsaak word, sal van die ouers verhaal word.

d. Die skryf van slagspreuke of enige ander iets op die geboue of enige eiendom van die skool, is verbode.
e. Geen kennisgewing mag op die kennisgewingborde aangebring of verwyder word sonder toestemming nie.
f. Geen leerder mag met 'n brandblusser speel or daarmee peuter nie.

**12. SELFONE:**

a. Selfone word op eie risiko toegelaat, maar mag glad nie in klastyd gebruik word, óf aangeskakel wees tydens skoolure nie. Mag ook nie sigbaar wees voor skool of gedurende pouse gebruik word nie.
b. Indien 'n leerder sy/haar selfoon vir pornografiese doeleindes gebruik, is reël 3.4 van toepassing.
c. Selfoondiefstal mag lei tot 'n siviele eis.
d. Die skoolbestuur mag beslag lê op 'n selfoon en in die teenwoordigheid van die ouer/voog of SAPD die inhoud bloot lê.
e. Selfone mag nie gebruik word om op ander se privaatheid en regte inbreuk te maak nie. Geen video's mag van kinders of onderwysers geneem word nie.
f. Die skool neem geen verantwoordelikheid vir enige verlies van 'n selfoon nie.
g. Ouers mag nie geskakel word nie - die kommunikasie word deur die admin-kantoor gedoen.
h. Die gebruik van MP-3 spelers, i-Pad Tablette en of elektroniese toestel word ook nie op die skoolterrein toegelaat nie.
i. "Smart watch" bel horlosie nie toegelaat om oproepe te ontvang nie.
j. Indien selfoon gebruik word deur 'n leerder word die foon geneem vir die dag.
k. Prosedure: neem foon, plaas in koevert/seël en plaas in kluis.
l. Mag afgehaal word aan die einde van die skooldag by die dissipline hoof.

## 1. SKOOLDRAG

Dit is u as ouers se taak om toe te sien dat u kind se voorkoms en drag korrek is as hy/sy die huis verlaat.

### 1.1 DOGTERS: SOMERSDRAG

Graad 1 - 7

- Skoolrok van wit en blou geruite materiaal waarvan die soom 5-7cm bokant die knie is.
- Swart skoene met plat hakke en kort, wit kouse.
- Koningsblou skooltrui met 'n V-nek. Nie 'n "navy" trui nie.
- Skoolbaadjie met skoolwapen op bors geborduur.
- Koningsblou oortrektrui – nie "navy" nie.
- Blou skool-windbrekerbaadjie met geel EP daarop geborduur.
- Koningsblou kort ski-pants kan onder skoolrok gedra word. Die ski-pants moet koningsblou wees. Geen "navy" ski-pants of enige ander kleur nie.
- Koningsblou "Fleezy-top" met geel EP daarop geborduur.

### 1.2 DOGTERS: WINTERSDRAG

Graad 1 – 7:

- Koningsblou skoollangbroek of Koningsblou romp met ligblou skoolhemp.
- Skooltrui met 'n V-nek.
- Skoolbaadjie met wapen op bors geborduur.
- Blou windbrekerbaadjie met geel EP daarop geborduur.
- Blou skool-windbrekerbaadjie – by verskaffers beskikbaar.
- Swart skoene met plat hakke.
- By romp word blou langkouse of blou broekiekouse gedra.
- Das (opsioneel).
- Blou "Fleezie" top met EP daarop geborduur.

### 1.3 SEUNS : SOMERSDRAG
- Grys kortbroek.
- Blou skoolhemp met kort moue.
- Swart toerygskoene met lang, grys kouse wat omvou tot onder die knie.
- Skooltrui met V-nek.
- Skoolbaadjie met skoolwapen op bors geborduur.
- Blou skool-windbrekerbaadjie met geel EP daarop geborduur.
- Blou “Fleezie” top met EP daarop geborduur.

### 1.4 SEUNS : WINTERSDRAG
- Grys skoollangbroek of kortbroek. (Langbroek met gordel)
- Blou skoolhemp met lang- of kortmoue.
- Skooltrui met V-nek.
- Skoolbaadjie met skoolwapen op geborduur.
- Blou skoolwindbrekerbaadjie met geel EP daarop geborduur.
- Swart toerygskoene met grys skoolkouse.
- Das (opsioneel) & saam met skoolbaadjie dra
- Blou “Fleezie” top met EP daarop geborduur.

## 2. ALGEMEEN
- Die meng van skooldrag sal nie toegelaat word nie, bv. die dra van privaatklere saam met skoolklere asook wintersdrag gemeng met somersdrag.
- ‘n Sportsweetpakbaadjie mag nie saam met gewone skooldrag gedra word nie.
- Geen ander windbreker behalwe dié van die skool mag gedra word nie.
- Tydens uitstappies en sportbyeenkomste moet volledige skool- en of sportdrag gedra word.
- Erekleure mag slegs op die formele skoolbaadjie vasgewerk word.
- Die voorgeskrewe skooldrag word te alle tye gedra.
- Indien ‘n seun ‘n grys langbroek dra, moet hy ‘n swart “belt” dra.
- Netheid is ‘n vereiste wanneer leerders skooldrag dra, binne en buiteskoolure en alle terreine.
- Met verjaarsdae mag daar gewone klere gedra word. Indien leerder op ‘n Sa./So. verjaar, mag hy/sy op die Vrydag gewone klere dra. Skoolreëls geld nogsteeds vir hare en juwele.
- Lang hare moet vas wees by die dra van gewone klere

## 3. SPORTDRAG

- ‘n Skoolsweetpak mag gedra word op dae wat leerder in die middag ‘n liga- of vriendskaplike wedstryd speel (tuis/weg).
- Atlete kan kort rekbroeke (“skipants”) dra onder atletiekbroek, of onder rompe – maar nie alleen nie. Dit moet koningsblou wees. Geen “second skins” mag onder die rugbytrui gedra word nie.
- Die korrekte sportdrag moet gedra word. Die atletiekhempie kan nie bv. by hokkie of netbal gedra word nie.
- Net veeldoel hempies mag onder sweetpak gedra word.
- Eerste spanne mag 1ste span baadjie dra op wedtryd dae
- Toestemmingsbriefie om skool te verlaat – prosedure.

## 4. DRA VAN GEWONE KLERE

### 4.1 Dogters

- Hare moet volgens die skoolreëls gedra word tydens die dra van gewone klere.
- Geen juwele mag gedra word nie, slegs horlosies en oorbelle volgens skoolreëls.
- Indien kortbroeke gedra word moet die broek vier vingers bo die knie wees.
- Geen “ski-pants” mag gedra word nie.
- Geen styfpassende kleredrag word toegelaat nie.
- Geen geskeurde of stukkende broeke nie.
- Dogters met langhare se hare moet vas gemaak wes volgens die skoolreëls

### 4.2 Seuns

- Netjiese en aanvaarbare gemaklike drag
- Geen juwele, bandjies of kettings nie
- Geen “ski-pants” mag gedra word nie.
- Hare moet volgens die skoolreëls wees.

## 5. GRAAD R KLEREDRAG

- Leerders dra daagliks hul Graad R drag naamlik Graad R-hempie en KDA-broekie.
- In die winter dra hulle ‘n skool sweetpakbroek, Gr R-hempie en fleece baadjie en tekkies. Indien dit baie koud is mag die leerders iets warm onder aantrek.

# GEDRAGSKODE: AANHANGSEL A

| 1 PUNT |
|---|
| Briefies skryf in klas |
| Eet in klas/Drink koeldrank in klas |
| Graffiti op die liggaam. (Teken en skryf) |
| Huiswerk onvoltooid |
| Klaswerk is onvoltooid |
| Kou kougom |
| Laat kom vir klas |
| Laat kom vir skool (3de keer) |
| Mors met kos |
| Skeurstrokie nie terug gebring |
| Skrifte/handboeke nie oorgetrek |
| Skryfbehoeftes tuis |
| Swak gedrag |
| Toets nie geteken |

| 2 PUNTE |
|---|
| Afskryf van huiswerk |
| Bywoning van Sport/Sosiale geleenthede wanneer afwesig |
| Daag nie op vir oefening, wedstryde & skoolaktiwiteite nie |
| Gebruik van selfoon/i-Pad/bel-horlosie en enige ander elektroniese toestel tydens skoolure |
| Gooi items van boonste verdieping af |
| Huiswerk nie gedoen nie |
| Klaswerk/Skriftelike werk is nie op standaard nie. |
| Klim op dakke sonder toestemming. |
| Kleur van ooghare /wimpers |
| Onaanvaarbare gedrag |
| Onaanvaarbare, swakgedrag tydens sportgeleenthede (wedstryde) |
| Oneerlik teenoor onderwysers |
| Onwelvoeglike taalgebruik |
| Onwelvoeglike kleredrag (Kortbroeke ens.) |
| Skrif, handboek, huiswerkboek tuis |
| Speel met harde krieketballe/hokkieballe |
| Terg ander leerders |
| Uitdaag van gesag |
| Voorkoms nie volgens voorskrif: hare, kleredrag, naels, juwele ens. |
| Speel in badkamers |
| Selfoon op kamp / toer (2x-2) |

| 15 PUNTE |
|---|
| Beskadiging van handboeke |
| Boelie gedrag |
| Baklei tydens skoolure |
| Detensie nie bygewoon nie |
| Doelbewuste skade aanrig |
| Gebruik selfoon/i-Pad om foto's/videos te neem |
| Gebruik van vuiltaal (vloek) en tekens/handgebare |
| Gevaarlike speletjies wat kan lei tot beserings |
| In besit/gebruik van dwelms.(3x detensie) Dissplinêre gesprek |
| In besit wees van enige gevaarlike voorwerp |
| In besit wees/verspreiding van pornografiese materiaal (3x detensie) Dissplinêre gesprek. |
| Krap in ander se eiendom |
| Kleur van hare / ligstrepies |
| Kuberboelie |
| Mors in kleedkamers. |
| Onaanvaarbare gedrag |
| Oneerlik tydens skryf van toetse, eksamen en formele assessering (3x detensie) |
| Onregmatige verwydering van ander se eiendom (3 detensies).  Dissplinêre gesprek |
| Onregmatige gebruik van sosiale media |
| Ouer/voog se handtekening vervals |
| Rassistiese opmerkings en oortredings |
| Rook/in besit wees van rookmateriaal. Dissplinêre gesprek. |
| Skoolterrein tydens skoolure verlaat sonder toestemming |
| Satanistiese bedrywighede |
| Seksueel onaanvaarbare gedrag |
| Wegbly van klas sonder toestemming |
| Wegbly van skool sonder toestemming van ouer/voog (3x detensie) |
| Wegsteek/verniel van ander leerders se eiendom |
| Tweede oorkrabbertjie |

| POSITIEWE INSKRYWINGS |
|---|
| Eerlik |
| Goeie gedrag |
| Goeie samewerking |
| Goeie waardes |
| Hardwerkend |
| Hulpvaardig |
| Positiewe gesindheid |
| Lojaal |
| Meelewendheid: Maak terrein skoon sonder dat daar gevra word. |
| Toon respek |
| Vriendelik |